15. Nou dat ek wedergebore en ‘n kind van God is (Johannes 3:17) het ek geestelike voedsel nodig om te lewe en te groei.
Watter geestelike voedselsoorte het ek nodig?

_____. (Mattheus 4:4)

a) <u>Lees daagliks jou Bybel</u>
Dit is die eerste geestelike voedsel soort. Begin om die evangelie van Johannes stelselmatig, een hoofstuk per dag, deur te lees. Elkeen van hierdie Bybelstudies bevat sowel vrae oor die boek van Johannes, as oor ander boeke. Dra die betrokke teksvers elke dag in jou sak en leer dit van buite. Daar is nog vier ander maniere om geestelik te groei.

b) <u>Bid elke dag</u>
Praat openhartig met God.

c) <u>Woon waar moontlik alle kerkdienste en verrigtinge by</u>
‘n Kerk waar die Bybel as grondslag dien en waar Jesus Christus vereer word.

d) <u>Wees gehoorsaam aan God</u>
As jy nie weet of ‘n sekere handeling reg of verkeerd is nie, vra jouself die volgende af: “Wat sou Jesus gedoen het?”

e) <u>Getuig</u>
Vertel aan iemand anders wat die Here vir jou gedoen het.

Nou verstaan jy beter “wat met my gebeur het”. En tog is dit maar net die begin van jou nuwe lewe saam met Christus.

Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou en hy met My.
Openbaring 3:20

1

WAT HET MET MY GEBEUR?

Teks vir memorisering: Openbaring 3:20

Naam: _____

Soek die antwoorde op die volgende vrae in jou Bybel of Nuwe Testament. As daar Johannes 1:12 staan, word die Evangelie volgens Johannes, Hoofstuk 1, vers 12 bedoel (die register voor in jou Bybel of Nuwe Testament sal die bladsye aangee). Lees die antwoorde in die Bybel, en skryf dit dan in jou eie woorde neer. Die teks uit die Ou Testament word in die studie volledig aangehaal, vir ingeval jy net ‘n Nuwe Testament besit.

1. Toe ek Christus se persoonlike uitnodiging aangeneem het,

   het ek ‘n _____ van God geword. (Johannes 1:12)

2. Die koms van Christus in die lewe of hart van die indiwidu is ‘n persoonlike saak tussen Christus en die een wat Hom ontvang, en word deur Christus in Openbaring 3:20 beskrywe.

   a) Wie klop aan die deur? (Openbaring 3:20) _____

   b) Wie mag Sy stem en klop beantwoord? _____

   c) Wat wil Hy hê moet ek doen? _____

   d) Wat sal Hy doen as ek die deur oopmaak?
   _____

e) Hoe kan ek die deur oopmaak? (Openbaring 3:19)

_____

f) Het jy die deur oopgemaak?

_____

g) Waar is Jesus op hierdie oomblik?

_____

3. Die rede waarom Christus gekom het om te soek en te red is

omdat ons _____ was. (Lukas 19:10)

4. Wat was die oorsaak van ons verlore toestand volgens

Romeine 3:23? _____

5. Wat is, volgens die Bybel, die loon van sonde? (Romeine 6:23)

_____

6. Wie het alreeds geboet vir my sondes? In Jesaja 53:6 staan:
"Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom." (Lees ook Romeine 5:8-9)

_____

7. Wat het God gedoen toe ek my sondes bely het?
(1 Johannes1:9) Moenie 1 Johannes (een van Johannes se briewe), naby die einde van die Nuwe Testament, verwar met die Evangelie volgens Johannes nie.

_____

8. Wat moet ek doen omtrent die sondes wat ek alreeds bely het en waarvoor ek opreg jammer is? In Jesaja 55:7 staan:
"Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes en laat hy hom tot die Heer bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik." (Onderstreep die gedeeltes wat sê wat jy met jou sondes moet doen.)

9. Volgens Efesiërs 2:8-9 is die enigste manier om gered te word deur: (merk die regte antwoord)
   a. Goeie werke te doen
   b. Self te probeer doen wat reg is
   c. God se vergifnis deur die geloof aan te neem

10. Maar nadat ons gered en nuwe mense in Christus is, is God se

doel met ons dat _____.
(Efesiers 2:10)

11. Wie leer ons deur Jesus Christus ken? (Johannes 14:6-9)

_____

12. In 1 Johannes 5:13 staan: "sodat julle kan weet / dink / hoop dat julle die ewige lewe het." (Onderstreep die regte woord)

13. Waarheen gaan ek as ek vandag sou sterwe?

_____. (Johannes 6:45-47)

14. Vertel kortliks hoe jy weet dat jy 'n kind van God is. _____

_____

_____

_____